



SPEERDISSEL

deur HILDEGARD DE BEER en H.G. ZIMMERMANN
Onderafdeling Onkruid en Plaagdoders
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Speerdissel (*Cirsium vulgare* (Savi) Ten.; familie Asteraceae) is 'n lastige onkruid wat feitlik oor die hele wêreld verspreid is. As gevolg van sy stekelrige aard kan vee nie naby die plant wei nie, sodat weivelde hulle waarde verloor. Die onkruid vervuil ook vinnig op verlate landerye en ander versteurde grond, en kompeteer met verskeie gesaaides.

Hoewel die naam Skotse dissel sterk ingeburger is in Suid-Afrika, skep dit baie verwarring, aangesien 'n ander disselsoort, *Onopordium acanthium* L., in die VSA ook as Skotse dissel bekend is. Daarom word die gebruik van die naam speerdissel sterk aanbeveel - trouens, oral in die wêreld is die plant as 'spear thistle' bekend.

Ander algemene Afrikaanse name vir hierdie plant is makkdissel, skaapdissel, disseldoring en (wilde) karmedik. Die Engelse name wat gewoonlik in Suid-Afrika gebruik word, is 'spear thistle' of 'Scotch thistle', maar dit staan ook bekend as 'bull thistle', 'black thistle' of 'plume thistle'.

MORFOLOGIE

Speerdissel is 'n kruidagtige, tweejarige onkruid wat gedurende die eerste groeiseisoen 'n groot, plat blaarroset met 'n goed ontwikkelde, vlesige penwortel vorm, terwyl dit gedurende die tweede jaar oorsprong gee aan 'n regop stingel met blare en blomme.

Die stewige, gegroefde, harige stingel word tot 2 m hoog, en dra doringrige stingelvlere. Die plant het twee tipes blare, nl. rosetblare wat plat op die grond groei, en stingelblare wat op die regop stingel voorkom. Die rosetblare is gesteeld en word ongeveer 33 cm lank, terwyl die stingelblare geen blaarstele het nie en heelwat korter is. Albei tipes blare is gelob, en baie doringrig. Die boonste blaaroppervlak is donkergroen, met verspreide dorings en hare, terwyl die onderste oppervlak 'n wollerige voorkoms het. Die blare is afwisselend gerangskik.

Blomhofies word enkeld of in groepe van twee of drie op die punt van die hoofstam en op kort sytakke gedra. Die blomhofies is kompak en 2,5 tot 5 cm in deursnee, en bevat 'n groot aantal pienk tot pers blommetjies wat omsluit is deur lansetvormige

omwindselblare, in rye gerangskik, wat elk eindig in 'n sterk, spreidende doring. Die sade is langwerpig, 3,5 tot 5 mm lank, gevlek en met 'n pluim van los, syerige hare wat maklik afval op die punt.

'n Ander *Cirsium*-spesie wat ook algemeen in Suid-Afrika voorkom, is die Kanadese dissel (*C. arvense*) (L.) Scop. Hierdie plant is egter meerjarig, met korter dorings as die speerdissel, en plant hoofsaaklik deur horisontale wortels voort. Manlike en vroulike blomme word op afsonderlike plante gedra, die blomhofies is kleiner, met minder stekels as die speerdissel, terwyl die blomme gewoonlik pers, maar soms ook wit is. Die stingels is ook nie gevleuel nie.



FIG. 1 - Blom van speerdissel

VERSPREIDING

Die speerdissel is inheems in Europa - insluitend die Britse Eilande en Skandinawië - sowel as Wes-Asië, maar het nou na feitlik alle gematigde dele van die wêreld versprei. In die VSA, Kanada, Argentinië, Hawaii, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika is dit 'n plaag.

Daar word aanvaar dat speerdissel gedurende die Tweede Vryheidsoorlog die eerste maal Suid-Afrika binnegekom het, waarskynlik saam met hooi of voer. Dit is eerste in Van Reenen, Natal aangemeld.

In Suider-Afrika is die plant veral volop in die koeler, hoëreëvalstreke. Die meeste probleme word in die Transkei, sowel as die hooglande van Natal en Transvaal ondervind, terwyl die plant skaars is in die Laeveldgebiede. Dit is volop op enige plek waar die grondkors versteur is, bv. langs paaie, walle en drade, of op erg versteurde en vertrapte weiveld. Dit aard egter nie op landerye wat gereeld bewerk word nie.

Speerdissel groei in 'n groot verskeidenheid grondtipes en vogtoestande en kan 'n 2%-soutinhoud verdra. Dit aard egter die beste in diep, vrugbare, goed deurlugte grond wat nie te warm word nie, en is minder algemeen in ligte, droë grondtipes.

GROEI EN VOORTPLANTING

Die saad van die speerdissel ontkiem in die herfs. Gedurende die winter ontwikkel die plant 'n uitgebreide wortelstelsel wat uit 'n aantal vlesige stoorwortels bestaan, terwyl die plat blaarroset gedurende die eerste lente ontwikkel. In die lente van die tweede jaar gee dit oorsprong aan 'n regop stingel met blare en blomme. Die plant blom laat in die lente of aan die begin van die somer, waarna dit dan aan die einde van die somer of in die vroegeherfs afsterf. Daar word vermoed dat die speerdissel onder Suid-Afrikaanse klimaatstoestande soms reeds gedurende die eerste somer kan blom, sodat die plant dan eenjarig kan wees, of selfs 18 maande kan hou.

Vegetatiewe voortplanting kom nie voor nie, en voortplanting vind dus slegs deur sade plaas. Elke blomhofie produseer sowat 100 sade, met die gevolg dat 'n volgroeide plant tot soveel as 4 000 sade kan dra. Die harige saadpluis maak die saad lig sodat dit maklik deur die wind rondgewaai kan word, maar aangesien die syerige haartjies maklik afval, is hierdie metode van saadverspreiding tog nie besonder doeltreffend nie. Sommige sade spoel af met oorstromings en bly dan op die walle lê waar hulle later ontkiem, of kleef aan diere, plaaswerktuie of die modder aan voertuie en versprei sodoende. Verder word die sade deur voëls gevreet, wat ook graag die syerige haartjies vir hulle neste versamel.

Voëls, bobbejane en ander diere versprei die sade vanaf oop grond na die bosse waar hulle skuil. Nog 'n metode van saadverspreiding is sade of stukke van die plant wat saam met die oes ingesamel word en dan in bale veevoer, hooi of in graangewasse versprei word.

Die speerdisselsaad bly lank kiemkragtig - 'n geval is bekend waar die saad nog ontkiem het nadat dit 36 jaar in 'n woud begrawe was. Ná ontkieming groei die saailinge aanvanklik stadig en is nie baie bestand teen sterk kompeterende plante, of plante wat hulle oorskadu nie. Hierdie feit is van belang by die beheer van speerdissel.

GEVARE

Speerdissel is so stekelig dat vee nie naby die plant kan kom om te wei nie. Aangesien 'n volgroeide blaarroset 'n oppervlakte van tot 0,35 m² kan beslaan, verlaag dit dus die dravermoë van die veld drasties. In landerye groei dit in kompetisie met gesaaides, maar veroorsaak hier nie sulke groot verliese as in die geval van weiding nie.

WETGEWING

Ingevolge die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983) is speerdissel in die hele Republiek tot onkruid verklaar. Dit impliseer dat niemand die plant mag versprei of toelaat dat dit versprei word nie. Die plant mag ook nie op grond binne 'n stadsgebied voorkom nie.

BEHEER

Om besmetting deur speerdissel te voorkom, is goeie veldbestuur van die grootste belang. Speerdissel sal selde problematies word waar 'n normale grondbedekking voorkom, maar dring vinnig 'n gebied binne waar die oppervlak versteur en blootgestel is, bv. deur oorbeweiding. Trouens, speerdisselbesmetting in weiveld is gewoonlik 'n barometer vir swak veldbestuur.

Daar is geen chemiese middels geregistreer vir die bestryding van speerdissel nie, maar vordering word reeds gemaak met biologiese beheer. In Kanada kom suksesvolle biologiese beheer van die onkruid reeds voor, en in Suid-Afrika is daar onlangs twee insekspesies uit Europa vir hierdie doel ingevoer. Die eerste insek, *Urophora stylata*, is 'n vlieg wat galle in die blomme vorm, en dus saadvorming verhinder, terwyl *Rhinocyllus conicus*, 'n snuitkewer, die sade vernietig. Die doel van biologiese beheer is nie om die plant uit te roei nie, maar om die saadvorming te verminder en sodoende die aggrasiewiteit van die plant te onderdruk.

